

Sondag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 5:21-26

Fokusgedeelte: Matteus 5:22 (1953-vertaling)

Ek 'n moordenaar? Nooit!

Christus het reeds aan die skare verkondig dat Hy gekom het om die wet en die profete te vervul, maar nou lig Hy dit toe met spesifieke voorbeelde. Die eerste voorbeeld gaan oor die vervulling en betekenis van die sesde gebod. Die gebod dat ons nie mag moord pleeg nie en dat die owerhede so 'n oortreding met 'n streng mate moet straf, is nie moeilik om te verstaan of in te sien nie. Tog sit daar veel meer in die bepaling dat ons nie mag doodslaan nie. Die lewe van ons naaste is kosbaar en moet altyd hoog geag word.

Die Fariseërs het hierdie gebod só verskraal dat dit net oor die fisiese doodmaak van jou medemens gaan. Aan die hand van Numeri 13:30-31 het dit hier net oor die owerhede se verpligting tot die doodstraf gegaan. Die volle betekenis van wat “doodslaan” werklik behels, het nie in hulle gedagtes opgekom nie. Vir die Fariseërs was dit genoeg om te weet dat hulle niemand doodgemaak het nie en dat hulle daarom nie met hulle lewe hoef te boet nie. Miskien troos ons onself ook met die gedagte dat hierdie die een gebod is wat ons darem goed kan nakom, want ons het tog nie iemand doodgemaak nie.

Christus se vervulling van die wet dring elke gelowige tot dieper besinning. Elkeen wat vir sy broer sonder rede kwaad is, wat hom skel, is besig om dié gebod te oortree. Alhoewel die fisiese doodslag voor die aardse hof vergeld moet word, word woede en haat vir ons naaste in die hemel veroordeel. Daarom bind Christus ons weereens aan die volle betekenis van die gebod. Die kinders van die Here soek versoening met mekaar en dien mekaar in alle opregtheid. Op grond van Christus se versoeningswerk aan die kruis moet ons nou die vrede met mekaar najaag en goedgesind teenoor mekaar wees, selfs teenoor ons teëparty. In Hom het ons die ewige lewe ontvang, daarom het ons naaste se lewe en bestaan vir ons nou die hoogste waarde.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Dr. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)